

**26 September**

**2 Petrus 1:19-21; NGB 3**

***Die lig en die donker plek***

Die wêreld is so 'n donker plek. Of, kom ek wees heeltemal eerlik, my eie hart is so 'n donker plek. Dit krioel daar van slegte drange, vuil gedagtes, selfsug en afguns. Dan breek God se genade deur. Hy stuur lig na hierdie donker plek. Sy Woord is die lig. Sy Woord skyn in die donker plek en omdat sy Woord 'n helder lig is, verdwyn die duisternis.

Die Woord skyn en dan kom die môrester op in my hart. Dit beteken dat God se Woord my in 'n lewende verhouding met sy Seun, Jesus Christus, bring.

In artikel 3 van die NGB bely ons die jubel-feit dat ons God se Woord het. Die Bybel is Woord van God. Ek hoef nie te twyfel oor wat die Here vandag vir my te sê nie; ek kan dit lees.

God maak seker dat ek verstaan wat Hy vir my wil sê. Daarom het Hy sy Heilige Gees na die Bybelskrywers gestuur sodat hulle deur Hom sy volle Woord kon neerskryf.

Dit is so jammer dat mense vandag 'n vraagteken plaas agter "Die Bybel is die Woord van God". Gebruik liever 'n uitroepteken! Dit is mos wat die Bybel van homself sê.

Sing: Psalm 147:6,7

Ds. D. van't Zand (Pietermaritzburg)